

**Die kuns van Conrad Theys: 'n retrospektiewe uitstalling en boekbekendstelling**

**Aangebied deur die Universiteitsmuseum, Stellenbosch,  
in samewerking met die Stellenbosch Kunsgalery, te Sasol Kunsmuseum**

**OPENINGSTOESPRAAK DEUR PROF RUSSEL BOTMAN,  
REKTOR EN VISEKANSELIER, UNIVERSITEIT STELLENBOSCH, 8 SEPTEMBER 2010**

[www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html](http://www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html)

[www.sun.ac.za/university/Management/rektor/speeches.html](http://www.sun.ac.za/university/Management/rektor/speeches.html)

Vanaand is 'n baie spesiale geleentheid. Ons is hier om die lewe en werk van een van Suid-Afrika se voorste kunstenaars te vier – Conrad Theys.

Dis 'n man wat diep spore in die kunstewêreld getrap sedert hy as klein seuntjie só graag hul huis se mure bekrabbel het dat sy ma hom 'n lei en kryt in die hand gestop en veld toe gestuur het om te gaan teken.

Die lang ure wat Conrad as kind en jongmens in Montagu en Loeriesfontein en Nieuwoudtville en elders in die veld deurgebring het, het gesorg dat die sonderlinge landskap van die Noord-Kaap, Namakwaland, die Boland, Boesmanland, die Bokkeveld, die Wes-Kaap en die Karoo diep in sy siel lêplek gekry het. Dít sien mens duidelik in sy skilderye – in sy kenmerkende dorre landskappe met bruin en groen kokerbome en wit wolke, maar ook in die ander onderwerpe wat hy so treffend uitbeeld: werkershuisies op plase, plaasdamme, veldblomme, klippe en aalwyne, seeskulpe, die Klopse, straattonele in die ou Distrik Ses ...

*Art critics consider Conrad Theys a leading exponent of Cape impressionism – in layman's terms, an impressionist, but one strongly influenced by his local environment, the Cape. In the main, his work does indeed contain characteristics of impressionism – outdoor scenes, ordinary subject matter, strong colours, visible brush strokes, the emotive depiction of light and shadows.*

*And from early on, he professed an admiration for such impressionists as Renoir, Cézanne, and – of course – South Africa's Gregoire Boonzaaier, who would become his teacher.*

*Speaking of Cézanne – it was he who once said: "For an impressionist to paint from nature is not to paint the subject, but to realize sensations." Hiermee slaag Conrad goed – om "sensasies weer te gee": om jou te laat voel hoe hy die natuur en sy menswees beleef. In die*

boek, “The Art of Conrad Theys”, wat vanaand hier bekendgestel word, skryf Prof Alexander Duffy dan ook dat Conrad die impressionisme nie as ’n presiese kopie van die natuur beskou nie, maar as ’n opsomming.

Nou, om ’n opsomming van byvoorbeeld ’n boek te kan maak, moet jy eers die materiaal met aandag lees, sorg dat jy die skrywer se argumente verstaan, met die werk in gesprek tree, en eers dan kan jy dit in jou eie woorde weergee. Ek dink dít is hoekom ’n Conrad Theys-skildery so tot ’n mens spreek – dis ’n gekonsentreerde samevatting van ’n leeftyd se intense waarneming, analise, interne dialoog en blywende soeke na antwoorde.

Prof Duffy skryf Conrad het in 1983 gesê: “Die kunstenaar wat ophou soek, kan net sowel doodgaan.”

Waarna verwys hy hier? Hy verduidelik as volg: “Die veld, die omgewing, hulle praat, maar ons hardloop verby. Ek wil net die waarheid uitvind, die boodskap wat almal nie kan lees nie”.

*There are two others quote of Conrad in similar vein that I find illuminating. “I am totally honest when I paint. I paint what I ‘experience’ with my eyes, if people like it or not, or if fashions come or go.” And he said: “Painting has made me a free man. My art is my life. My spirit is liberated.”*

*Liberation is, of course, an important theme in the history of South Africa. For a big part of Conrad’s life, the majority of this country’s citizens did not experience freedom, but oppression. People who look like him were subjected to discrimination because of skin colour. He says there was a stage in the apartheid era that some galleries would not show his work.*

*It was at that time that his late father, Marthinus “Sonny” Theys, encouraged him with the following words: “Remember, there are many stumbling blocks in life, but it is up to you to turn them into stepping stones.”*

En dít is presies wat Conrad gedoen het. In sy eie loopbaan as kunstenaar het hy sy werk die praatwerk laat doen en sodoende bó die benepenheid van rassisme uitgestyg. En as iemand met ’n passie vir gemeenskapswerk, het hy teen onreg gestry. Om die gebrek aan geriewe vir

jongmense aan te spreek, het hy in Bellville 'n kunssentrum op die been gebring, en dáár en in Llanga, Gugulethu, die Noord-Kaap en elders het hy ontwikkelingsgeleenthede help beskikbaar stel.

Conrad het ook sy merk gemaak as 'n leier binne die georganiseerde kunstgemeenskap – onder meer as visepresident en president van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, wat hy later help omskep het in die SA Nasionale Vereniging vir Visuele Kunste.

*It is often said of Conrad that his work is not political. In fact, he himself has said that he is “not a political artist”. But in a way everything in life is political, and one can certainly find themes in Conrad’s work that reflect the realities of life in South Africa.*

Sy geliefde kokerbome is byvoorbeeld vir hom 'n simbool van deursettingsvermoë te midde van moeilike omstandighede, en die wolke wat bo sy dorre landskappe dryf, simbole van hoop, vol belofte van reën wat droogte breek en lewe gee.

As julle vanaand na hierdie wonderlike retrospektiewe uitstalling kyk – en baie geluk aan die museum, kunsgalery en kurator met hierdie uitstalling – sal julle drie selfportrette van Conrad sien, op verskillende tydstippe in sy lewe. Maar kyk mooi, na sy werk, want luister na wat hy hieroor sê:

*Die kokerboom is my selfportret. Dis 'n boom wat kan oorleef. Hy staan op moeilike plekke, maar hy doen sy plig. Al is die wêreld om hom hard en dor, as die tyd van die jaar aanbreek, stoot hy sy kleure uit – sagte kleure. Hulle sê mos harde mense het sagte harte.*

Vir die Kaapse impressionis met die sagte hart sê ons baie dankie dat jy ons lewens met jou kuns verryk. En baie geluk met jou 70ste verjaardag more (2010-09-09)!

Baie dankie.